

## “Kyk ook na Getsemane as jy wil sien hoe lief die Here jou het”

In die gebeure van Getsemane het ons die “binneste heiligdom” van Jesus se lydensweg betree. Dit is duidelik dat die “uur” van gevangeneeming en teregstelling nie langer uitgestel kon word nie:

- Die dissipels is liggaamlik en geestelik so gedreineer dat hulle daarvan aan die slaap raak.
- In die tuin van die olyfpers (dit is wat Getsemane beteken) word Jesus se eie, menslike siel soos ’n olyf gepars deur die smartlike gebeure wat kom.

As jy die erns van die sonde in sy skokkende grootheid wil sien, moet jy nie net na Golgota kyk nie. Jy moet ook na Getsemane kyk, want hier sien jy die verskrikking van die kruis in ’n sekere sin selfs duideliker as wat die skare dit later die dag op Golgota sou sien!

- Hier worstel Jesus met sy Vader oor die gebeure wat kom.
- Op Golgota kon Hy put uit die bron van vrede wat soos suiwer, lawende olyfolie uit die worsteling van Getsemane gevloei het.

Die eerste helfte van Jesus se gebed in vers 42 is ’n pleit dat die Vader, as Hy wil, die lydensbeker van die komende gebeure sal wegneem. Hy het geweet dat Hy as Paaslam op plekbekledende wyse moes gaan sterf onder die las van die hele wêreld se sondes. Maar omdat dit die volstrek-enigste manier is waarop ons verlos kon word, voeg Jesus onmiddellik aan sy gebed toe: “Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied.”

Nooit sal dit vir ons moontlik wees om die volle omvang te snap van die worsteling en benoudheid wat Jesus in Getsemane deurgemaak het nie. Een ding moet jy egter weet: dit is dáár waar Hy finaal en onherroeplik sy keuse bevestig het om jou sondes op Hom te neem en ter wille van jou verlossing te ly en te sterwe.

Nou is dit jǒu beurt om stil te word voor die waarheid dat so ’n ontsaglike offer nodig was om jou uit die kake van ’n sinlose bestaan los te koop. En jy het ’n geleentheid om jouself met alles wat jy is en het as ’n dankoffer aan die Here toe te wy!

Sing: Psalm 118:11, 13, 14 (1936)